ICS International Christian Schools

—saamgestel deur Jenna-lea Kelland

Christian Pälchen, stigter van ICS

Christian Pälchen het 'n passie vir sending en die jeug. In 2013 het hy ICS-Christian School Founding gestig met die missie is om wêreldwyd die konsep vir Christelike lewensvaardighede konferensies te vestig.

Christian is in Duitsland gebore en het verskeie kwalifikasies in opvoedkunde, bemarking en maatskaplike werk verwerf. Hy het ook evangeliese teologie, politieke studies en Duits studeer. Hierdie begaafde onderwyser se hart vir Suid-Afrika spruit uit kortter-mynsendingwerk waarby hy in Johannesburg by 'n kinderhuis betrokke was.

Christian sal van 25 Maart tot 8 April in Suid-Afrika wees. As jou kerk of instelling belangstel om 'n ontmoeting met hom te reël, e-pos gerus into@ics-Christian-school-founding.org

Met die doel voor oë om onafhanklikheid, belangstelling en verantwoordelikheid by kinders aan te kweek en hulle volgens die Skrif te lei (*"Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie."* Spreuke 22:6), is ICS-Christian School Founding bestem om God te eer en te verheerlik.

Sluit by ons netwerk aan

ICS is 'n Christelike onderrigprogram sonder winsbejag wat absoluut gratis aan die gebruiker gebied word. Dit het ten doel om bykans alles te bied wat jy sou benodig om 'n Christen-skool met 'n onafhanklike kurrikulum te stig.

Deur 'n lid te word en jou skool by ICS te registreer, stel jy ICS in staat om hulle doelwit te bereik – om 'n wêreldwye skoolnetwerk van lede en vennootskole te skep. Die eerste ICS-vennoot in Suid-Afrika is The Rock Academy in Vishoek.

Registreer jou Christen-skool by ICS en help ons om 'n wêreldwye netwerk op te bou.

Laat jou kerk betrokke raak

Die visie van ICS-Christian School Founding is om TOP-Christelike onderrig na elke land in die wêreld te bring: "In gelyke mate aan die eerste en derde wêreld." Hulle wil gemeenskappe verander en steun met welopgevoede studente, wat weet dat Jesus vir hulle gesterf het.

Deur 'n vennootskap met ICS, word kerke en Christelike instellings voorsien van 'n ondersteuningsplatform en 'n netwerk vir die stigting van hulle skool. Lidmaatskap is nie 'n voorvereiste vir toegang tot die ICS-konsep en -materiaal nie. Slegs as ICS-skool is lidmaatskap 'n vereiste.

Hoekom ICS?

ICS het dit ten doel om wêreldwyd hoë kwaliteit onderwys te bied wat op Christelike waardes gebaseer is en waarsonder gemeenskappe nie werklik 'n kans staan op die beste moontlike toekoms nie.

- ICS-Christian School Founding bied 'n gratis Christen-skoolkonsep en 'n netwerk aan wat gebaseer is op: een konsep; beproefde insig; en kurrikulums wat onafhanklik funksioneer!
- ICS bied skole wêreldewyd honderde van die beste internetskakels (van kantoorsake tot onderrig, van skakelwerk tot fondsinsamelings, bou van die skool, ens.)

Hoe die Christian School Founding-konsep werk

Lidmaatskap as 'n ICS-skool	Lidmaatskap sonder om 'n ICS-Skool te wees (Vennootskool/ Instelling, Privaat indi-	Sonder lidmaatskap
Alle materiale op die webwerf, insluitend die materiaal wat deur 'n wagwoord beskerm word	Alle materiale op die webwerf, insluitend die materiaal wat deur 'n wagwoord beskerm word	Alle materiale op die webwerf, insluitend die materiaal wat deur 'n wagwoord beskerm word
Alle programme van ICS	Alle programme van ICS	Nee
Bystand van ICS	Nee	Nee
Die reg om materiaal wat ICS geëvalueer het te publiseer Die reg tot die ICS-promosiepakket (logo, stempel, skryfpapier) teen 'n spesiale prys.	Nee	Nee

- ICS verskaf 'n platform om enige uitdagings te bespreek en oplossings daarvoor te vind
- ICS bied 'n verskeidenheid geleenthede vir: skole, onderwysers, spesialiste en universiteitstudente (opsies vir werkaanstellings) wat jou kerk/instelling ondersteun met die stigting van jou eie skool
- ICS skep ruimte vir jou waarbinne jy jou idees, materiale en konsepte met ander kan deel
- ICS deel hulle pedagogie (opvoedkunde): gesinsopvoedingsentrum, toegangvlak...

Die visie van ICS-Christian School Founding is om gemeenskappe te verander en te steun met goedingeligte studente as eindresultaat, wat weet dat Jesus vir hulle gesterf het.

'n Geleentheid om kennis te deel:

Word 'n vennoot van ICS deur 'n Christen-skoolkonferensie in jou dorp aan te bied met die doel om geesdriftige Christen-opvoedkundiges met mekaar in verbind te bring en 'n geleentheid te skep waarbinne bronne, idees en deskundigheid uitgeruil kan word.

Sodoende eenders denkende mense die koninkryk van God uitbou deur die toekomstige generasie met 'n verenigde visie op te voed.

Help ons om 'n netwerk van Christen-skole op te bou

As jou skool 'n skoolkonsep, 'n fondsinsamelingskonsep, skakelwerkkonsep of ander ervaring het wat tot voordeel van die werk van Christen-skole kan strek, sal die konferensie jou toelaat om jou unieke idees met ander deelgenote te deel. ■

VIR MEER INLIGTING:
www.ics-christian-school-founding.org